Geografie

Opsomming: Eenheid 1



- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

- SA is aan die suidpunt van die Afrika-vasteland.





- Ons land het:
  - hoë plekke
  - lae plekke
  - plat plekke
  - heuwelagtige plekke

- Riviere vloei van die berge oor die land en af na die see.
- Alle provinsies het riviere en ander fisiese kenmerke.

## Sleutelwoorde:

| | |
|---|---|
| FISIESE KENMERKE | dinge in die natuurlike omgewing, soos riviere en berge |
| PLATO | hoë, plat binnelandse dele van 'n land |
| KUS | waar die see en die land bymekaarkom |
| KUSVLAKTE | laagliggende land wat naby die see is |
| PLATORAND | 'n steil helling tussen 'n plato en 'n laer gebied |
| RELIËF | dit beskryf waar die land hoër of laer is |

## Hoë plekke en lae plekke:



- 'n Fisiese kaart wys fisiese kenmerke soos:
  - riviere
  - mere
  - berge
  - heuwels
- Verskillende kleure word gebruik om die hoë en lae plekke aan te dui.

## Kusvlakte, platorand & plato:

- Die **hoë plato's** is in die binneland en WEG van die see af.
- 'n Groot deel van die Vrystaat is op die **Hoëveldplato**.
- Die **lae kusvlaktes** is hoofsaaklik in die **noorde** van KwaZulu-Natal
- Die uKhahlamba-Drakensberge vorm 'n **platorand** tussen die kusgebiede en die binnelandse plato.
- 'n **Platorand is** 'n steil, bergagtige helling wat 'n laer gebied van 'n hoër gebied skei.